Finansiële Persoonlikheidsvraelys

Voornaam	
Van	
Geslag	
Ouderdom	

Dui asseblief aan:

	1	2	3	4	5
Finansiële ervaring en kundigheid (1: Beginner, 5: Kundige)					
Aftree-voorsiening (1: Glad nie voldoende, 5: Meer as voldoende)					
Beleggingservaring (1: Geen 5: Baie Jare)					

		Stem glad nie saam nie	Stem nie saam nie	Stem gedeeltelik nie sam nie	Stem gedeeltelik saam	Stem saam	Stem beslis saam
1	Dis altyd lekker om geld te maak, maar dit is meer belangrik om dit nie te verloor nie.						
2	Ek kan beduidende markskommelinge met redelike gemak ignoreer.						
3	‘n Portefeulje moet dadelik aangepas word as beleggingswaardes skommel (op en af beweeg).						
4	Die gedagte om addisionele bydraes te maak tot my portefeulje wanneer dit in waarde daal, maak sin, dit beteken eenvoudig dat ek goeie bates teen ‘n laer prys kan koop.						
5	Ek verkies om ‘n bate waarop ek geld verloor, eerder te verkoop as om die bate te behou en moontlik ‘n groter verlies op te loop.						
6	Ek raak opgewonde as ek beleggings maak wat werklik die potensiaal het om goeie resultate te behaal.						
7	Ek is kalm oor beduidende verliese - solank daar ‘n redelike vooruitsig bestaan dat my belegging op ‘n stadium weer waarde gaan herwin.						
8	Ek ervaar die pyn van verliese meer intens as die bevrediging van goeie opbrengste.						

		Stem glad nie saam nie	Stem nie saam nie	Stem gedeeltelik nie sam	Stem gedeeltelik saam	Stem saam	Stem beslis saam
9	Ek gee nie om as my beleggingstrategie ietwat vervelig is nie. Die konsekwentheid van prestasie en opbrengste is vir my belangriker as die risiko verbonde aan hoë opbrengste.						
10	Ek hou nie daarvan om agter te raak in gunstige markomstandighede bloot omdat ek té versigtig was nie.						
11	Beleggings is soos die lewe – dit gaan oor kanse vat. Neem berekende kanse, maar aanvaar die gevolge.						
12	Dit is meer waardevol om ‘n handjievol hoë kwaliteit sienings oor beleggingsgeleenthede te benut, as om slegs te diversifiseer en op algemene markbewegings te vertrou.						
13	Om tydsberekening van markte te probeer bepaal (soos om vinnig in aandele te belê en dan weer kort daarna te verkoop), kan jou duur te staan kom en ‘n mors van tyd wees.						
14	Wanneer ek hoor dat die aandelemark tuimel, vrees ek vir die waarde van my belegging.						
15	Die teleurstelling wat ek ervaar as ek ‘n goeie winskoop misloop, is groter as die spyt wanneer ek geld verloor.						
16	Wanneer dit blyk dat markte in duie stort, staan ek veel eerder terug en laat alles aan die kundiges oor.						
17	Mense wat gewilde beleggings najaag, probeer net om "in" te wees. Ek gee nie ‘n flenter om nie.						
18	Ek is gemakliker dat my beleggings aktief bestuur word, eerder as om bloot net te vertrou op algemene markbewegings.						
19	Sou ek geld in ‘n belegging verloor, sal ek beslis spyt wees en bes moontlik nie weer dieselfde risiko neem nie.						
20	Dit is riskant om die tydsberekening van markte te probeer bepaal, en jy kan fantastiese opbrengste misloop.						
21	Om geld in beleggings te verloor bring my nie van stryk nie, dit is dikwels onvermydelik.						
22	Ek sal bereid wees om ‘n toepaslike hoër fooi te betaal vir beleggingsbestuur, as dit die kans op hoër opbrengste sal verbeter.						

		Stem glad nie saam nie	Stem nie saam nie	Stem gedeeltelik nie sam	Stem gedeeltelik saam	Stem saam	Stem beslis saam
23	Riskante beleggings maak my ongemaklik, selfs al weet ek dat ek ‘n mate van risiko moet neem om goeie langtermyn opbrengste te behaal.						
24	Mense kan soms te passief wees in die bestuur van hul beleggings – ek verkies eerder om sake in eie hande te neem en is bereid om my strategie aan te pas.						
25	Daar is min bewyse dat batebestuurders werklik hoër opbrengste genereer om hul fooie te regverdig.						
26	Ek voel aangetrokke tot opwindende beleggingsvoorstelle, selfs al beteken dit dat die uitkoms daarvan onseker is.						
27	Al plaas onsekerheid in markte my met tye onder emosionele druk, kan ek vasbyt totdat die ergste storm verby is.						
28	Dit is vir my belangriker om gemaklik te wees met my beleggings eerder as om groot risiko’s te neem wat moontlik baie beter opbrengste kan behaal.						
29	As my beleggings se waarde baie fluktureer, voel ek onseker en angstig.						
30	Ek verkies eerder 'n gematigde opbrengs met hoë sekerheid, as om die risiko te loop om geld te verloor in die strewe na ‘n veel groter opbrengs.						
31	Die gedagte aan markineenstortings maak my angstig oor beleggings.						
32	Ek gee nie om om fooie aan fondsbestuurders met ‘n bewese rekord van goeie prestasie te betaal nie.						
33	Ek poog om ‘n langtermyn siening te neem met my beleggings en vind dit relatief maklik om die ondertone (‘geraas’) in die media te ignoreer.						
34	Dit sal moeilik wees om net terug te sit en niks te doen as ek sien hoe die waarde van my beleggings tuimel en markte ineenstort nie.						
35	Ek is nie bekommerd oor die potiensiële gevolge van swak korttermyn opbrengste nie.						
36	Ek is gemaklik om veilige opbrengste te laat vaar inruil vir die geleentheid om werklike hoë opbrengste te behaal.						
37	As een van my beleggings oor ‘n kort periode verdubbel, sal ek eerder die wins neem as wat ek dit moontlik later kan verloor.						
38	Om te diversifiseer is vir ‘draadsitters’. Dit is mense wat nie bereid is om te staan vir hul belangrikste oortuigings nie.						